# Die New Age-beweging - oorsig en beoordeling

P.J. de Bruyn
Departement Dogmatologie en Ekklesiologie
PUCHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*The New Age Movement (NAM) is a leaderless but powerful network, working to bring about radical change in the world. In fact the NAM is a transplantation of Hindu philosophy, with Buddist elements from the East to the West. This article explicates the origin of the NAM and describes its mystic, occult and feminist character. In the article it is stated that the NAM rests on monistic and astrological pillars and that its main doctrines are as follows: pantheism, emanation (instead of creation), reincarnation and the fact that Christ is one of the great Masters controlling the world. The views and doctrines of the NAM are then judged in the light of Scripture.*

## 1. INLEIDING

### 1.1 Wat die *New Age*-beweging (NAB) is

Die NAB is nie 'n organisasie wat uit individue of groepe saamgestel is nie, maar 'n *beweging*, "wat beteken dat daar tussen die bonte verskeidenheid van individue, organisasies, kultusse, ensovoorts 'n geestelike band bestaan. Hulle wil almal 'n alternatiewe kultuur en samelewing daarstel" (Van der Walt, 1990:6-7; vgl. Miller, 1990:15). Ferguson (1989a:23) beskryf die NAB (wat sy "The Aquarian Conspiracy" noem) as 'n kragtige netwerk van mense, sonder spesifieke leiers, wat hulle beywer vir die radikale verandering van die wêreld (vgl. Van Wersch, 1990:175). Die lede van hierdie netwerk het, volgens Ferguson (1989a:23), gebreek met bepaalde grondkenmerke in die Westerse denke, en miskien het hulle selfs gebreek met die kontinuïteit in die geskiedenis. 'n Mens kan die NAB ook 'n *stroming* of denkwyse noem. Hoewel die aanhangers daarvan oor ondergeskikte sake van mekaar verskil, is die gees, rigting, visie en waardes min of meer dieselfde en dit bind hulle almal saam (Van der Walt, 1990:7).

### 1.2 Aktualiteit en noodsaaklikheid

Die NAB het die afgelope aantal jare veral in die VSA en Europa baie belangstelling gewek en baie aanhangers gekry. Dit blyk duidelik uit die groot hoeveelheid literatuur wat in die jongste tyd in dié verband daaroor verskyn het - om dit te propageer of om dit te bestry.

Die belangstelling vir die NAB blyk ook uit die groot aanvraag vir boeke oor die onderwerp. So het die Engelse sagtebanduitgawe van die opspraakwekkende boek van

Merilyn Ferguson, *The Aquarian Conspiracy*, wat in 1980 verskyn het, in 1989 'n sewende druk beleef (Ferguson, 1989a), terwyl die Nederlandse vertaling daarvan (1989b) in 1989 reeds 'n sesde druk beleef het. Die Nederlandse vertaling van die boek van Fritjof Capra, *The Tao of Physics*, wat in 1982 verskyn het, het in 1987 al 'n vyfde druk beleef.

In die lig van die groot belangstelling in en ernstige bedenkinge oor die NAB is dit noodsaaklik om meer te wete te kom van hierdie beweging en dit ook prinsipieel te beoordeel.

### 1.3 Doel

Met hierdie uiteensetting word gepoog om kortliks aan te toon wat die herkoms, belangrikste leerstellings en vernaamste doeleindes van die NAB is. Die bedoeling is dus nie om een of enkele fasette van die NAB indringend te bespreek nie, maar veel eerder om 'n oorsig te gee oor die vernaamste aspekte daarvan en dit in die lig van die Skrif te beoordeel.

### 1.4 Begrensing

Die aansluiting van die NAB by die Teosofiese Vereniging asook die eskatologiese aspekte van die NAB sal hier nie in besonderhede behandel word nie, aangesien daar in ander bydraes in hierdie nommer van *In die Skriflig* daaroor gehandel word. Die kritiek op die NAB is ook geen immanente kritiek nie, maar bestaan hoofsaaklik daarin dat die getuienis van die Skrif teenoor die NAB gestel word.

Aangesien die bedoeling van hierdie artikel is om 'n oorsig te gee, word daar hoofsaaklik van sekondêre bronne gebruik gemaak. Ter wille van verifikasie is verskeie primêre bronne ook geraadpleeg.

## 2. DIE HERKOMS VAN DIE NAB

Die NAB is vir alle praktiese doeleindes 'n oorplanting van Hindoeïsme, vermeng met Boeddhistiese elemente, uit die Ooste na die Westerse wêreld (Martin, 1990:16; Miller, 1990:17; Van der Walt, 1990:10-11; De la Guerre, 1991:124-125). In die besonder is dit 'n oorplanting van die Oosterse *okkultisme* (Martin, 1990:15). Dit beteken nie dat sekere aspekte van die Hindoeïstiese en Boeddhistiese beskouings nie ook voorheen in die Weste aangetref is nie. Schulze (1991:5-11) het aangetoon dat dit in 'n ander gewaad sedert die negentiende eeu deur die Teosofiese Vereniging in die Weste gepropageer is. In die geheel beskou, was die invloed daarvan voor ongeveer 1970 maar redelik klein. Nogtans het dit wel gehelp om die weg te baan vir die NAB wat later sou volg.

Deur sekularisasie en ontkerstening het die Weste losgeraak van sy bande met die Christendom. As gevolg daarvan het by baie in die Weste 'n geestelike bankrotskap, 'n

geestelike 'leegheid' ontstaan (Van der Walt, 1990:11). Toe het die Hindoefilosofie tesame met die okkultisme wat daaraan verbonde is, in die Weste ingedring en hierdie 'leegheid' kom vul (vgl. Matt. 12:43-45).

In die Weste is daar altyd baie sterk nadruk gelê op die intellektuele - in so 'n mate dat die emosionele nie altyd tot sy reg gekom het nie. Baie mense het bewus of onbewus 'n verset begin opbou teen die intellektuele benadering van alles. Hierdie mense het baie maklik aansluiting gevind by die NAB met sy sterk beklemtoning van die nie-intellektuele: die ervaring, die emosie, die belewing (Van der Walt, 1990:10).

Die Oosterse denke wat bygedra het tot die totstandkoming van die NAB, is grotendeels deur die Teosofiese Vereniging in die Weste ingedra. Dit was veral drie vrouens wat 'n groot rol in die Teosofie gespeel het. Helena Blavatsky (1831-1891) van die VSA kan beskou word as die stigter van hierdie denkrigting; op haar sienings en aksies is voortgebou deur Annie Besant (1847-1933) en Alice Bailey (1880-1949) - vgl. Schulze (1989:52-54.) Die Teosofie kan beskou word as die voorganger en wegbereider van die NAB (Martin, 1990:154; Van Tuyl & Van Baaren, 1987:6-8).

Volgens beskikbare gegewens het die NAB vir die eerste keer vorm aangeneem in Kalifornië in die VSA. In Kalifornië woon 'n kosmopolitiese gemeenskap. Dit het tot gevolg gehad dat mense geleer het om mekaar en mekaar se godsdienste te verdra. Boonop was Kalifornië vanweë sy ligging redelik blootgestel aan beïnvloeding uit die Ooste (Verkuyl, 1989:11-12).

Een van die belangrikste sentrums van die NAB in Kalifornië is die Esalen Institute in San Francisco. Verskeie ander sentrums van die NAB het in Kalifornië en in die res van die VSA tot stand gekom. Een van die mees opspraakwekkende sentrums is in Findhorn in Noord-Skotland gevestig. Vandaar het die NAB na Wes- en Oos-Europa versprei (Verkuyl, 1989:11-12; Chandler, 1990:47-49).

## 3. DIE VERNAAMSTE WESENSTREKKE VAN DIE NAB

Die NAB is veral misties, okkulties en feministies van aard.

### 3.1 Sy mistieke aard

Onder *mistiek* word verstaan die hartstogtelike strewe na die vereniging van die siel met God. *Mistisisme* kan omskryf word as die geloof aan die vereniging (aanraking) van die siel van die mens met God (Dieperink, 1990:52). Hierdie mistieke strewe speel 'n groot rol in die NAB. Daar word veral gepoog om met behulp van joga en meditasie jou los te maak van alle fisiese bande sodat die siel met God kan verenig (Verkuyl, 1989:41-43). Volgens die NAB is dit een van die vernaamste wyses waarop die siel van die mens tot innerlike rus kan kom.

Dit kom dus daarop neer dat die mens in homself rus en vrede soek. Maar omdat hy

vanweë sy sonde innerlik verdorwe is (Rom. 3:8-10; Pred. 8:11; 9:3), is dit onmoontlik om in homself ware bevryding te vind (Van Wersch, 1990:180; Runia, 1991:5).

### 3.2 Sy okkultiese aard

Okkultisme is die wetenskap wat die geheime kragte in die mens en in die kosmos wat buite die sigbare en ervaarbare werklikheid lê, en die aanwending daarvan bestudeer met die doel om self daaroor te kan beskik (vgl. Ouweneel, 1990:4-5; Koornhof, 1990:8; Tolsma, 1960:241).

In die okkultisme word veral daarna gestreef om oor paranormale vermoëns te kan beskik. Daar is in hoofsaak drie paranormale vermoëns wat in dié verband van belang is, naamlik heldersiendheid, telepatie en psigokinese.

* *Heldersiendheid* is die vermoë om deur visioene, klanke, ensovoorts te sien, te hoor of te voel wat (dikwels op 'n ander plek) gebeur het of gaan gebeur, terwyl dit nie deur normale sintuie waargeneem kan word nie. Van sulke mense word dikwels gepraat as mense wat 'met die helm gebore is'.
* *Telepatie* is die vermoë om te weet wat ander mense weet of dink sonder dat dit op enige normale wyse meegedeel is. ('Gedagtes lees'.)
* *Psigokinese* is die vermoë om deur psigiese kragte materie in beweging te bring, byvoorbeeld om goedere van 'n rak te laat afval sonder dat daaraan geraak word.

Die okkultiese aanwending van hierdie paranormale vermoëns sien soos volg daar uit:

* *Heldersiendheid* word aangewend in vorms van *waarsêery* (mantiek).
* *Telepatie* word onder andere gebruik in *spiritisme.*
* *Psigokinese* word aangewend in *towery* en *goëlery* (magie).

In die NAB is daar doelbewus gepoog om oor hierdie paranormale vermoëns te beskik en dit op 'n okkultiese wyse in werking te stel (Koornhof, 1990:8). Dit is egter net ingewydes wat dit kan regkry. Daarom kan gesê word dat die NAB ook *esoteries* van aard is. Ouweneel (1990:5) sê egter dat ongeveer 95% van die mense in die Ooste oor paranormale vermoëns beskik, terwyl slegs ongeveer 5% van die Weste daaroor beskik.

Een van die middele waardeur hulle hulle okkultiese praktyke beoefen, is *kristalle.* Hulle is veral daarvan oortuig dat kristalle meer as enige ander voorwerp oor gesondmakende kragte beskik. Daarom word dit nie net deur NAB-geneeskundiges gebruik nie, maar die mense versier ook hulle huise daarmee en dra dit as juwele - om gesond te kan bly. Die krag van die kristalle word deur meditasie vergroot (Tucker, 1989:332). In die lig hiervan is dit te verstane dat daar in die NAB se tydskrif *Odyssey* talle advertensies is van plekke waar 'n mens dié kristalle kan koop.

In haar kritiek op die NAB wys Dieperink (1990:95-98) daarop dat paranormale vermoëns feitlik deurgaans in die diens van Satan gebruik word; juis daarom is dit okkulties van aard. Volgens Gruss (1974:112) word die gelowige in die Skrif by herhaling ten sterkste verbied om enigiets met hierdie okkultiese bedrywighede te doen te hê (Lev. 19:31; 20:6; Deut. 13:1-3; 18:10-12; 2 Kron. 33:6; Jes. 8:19-20; 47:13-14). In Efese het die verkondiging van die evangelie en die openbaring van die krag van Jesus Christus daartoe gelei dat baie mense met die okkultiese praktyke gebreek het (Hand. 19:11-17). Koch (1986:61-62) sê in die lig van Genesis 1:28 en 3:5:

> Magic is the very antithesis of the commandment of God as it reveals a hunger for knowledge and a desire for power in opposition to the will of God ... Magic is thus at its roots a rebellion, and it has been so from the beginning. It is the climax of man's revolt against God. Any talk of harmless forces of nature and neutral applications is criminal in the light of this scriptural fact.

Dit is opvallend dat die Skrif nie ontken dat mense deur die okkultiese praktyke bonatuurlike dade kan verrig nie (Deut. 13:1-3). Desondanks word die gelowige verbied om enigiets daarmee te doen te hê (Deut. 13:1-3; 18:10-20). Uit die wyse waarop dit verbied word, moet afgelei word dat die okkultiese praktyke deur die mag van Satan plaasvind.

Nou is dit wel waar dat daar soms ook oortuigde gelowiges is wat oor paranormale vermoëns beskik (vgl. Siener van Rensburg). Hoe dit verklaar moet word, is nie voor die hand liggend nie. Ouweneel (1990:5) is van oordeel dat paranormale vermoëns op sigself nie noodwendig demonies hoef te wees nie, maar dat dit die toegangspoort vir of tot die demoniese is. Om dié rede moet die gelowige hom daarvan weerhou. Ervaring het ook geleer dat paranormale vermoëns vir die gelowiges wat daaroor beskik, dikwels eerder 'n las as 'n seën is. Daarom is daar van hulle wat God ook ernstig bid om dit van hulle weg te neem (Ouweneel, 1990:5).

### 3.3 Sy feministiese aard

Die NAB is baie sterk feministies gekleur. In die Christendom, wat in die *vis-tydperk* die oorheersende was, het die man - so beweer die NAB - sodanig op die voorgrond getree dat dit as 'n manlike tydperk bestempel kan word. Maar in die *waterdraer-tydperk* wat nou aangebreek het, tree die vrou so sterk na vore dat dit as 'n vroulike tydperk aangedui kan word (vgl. punt 5.2.). Die feminisme kan beskou word as een van die belangrikste en invloedrykste fasette van die NAB (Burger, 1989?:5). Dit word ook die hart van die sogenaamde bewussynsrevolusie in die Westerse wêreld genoem (Hunt, 1983:13). Daarom pleit die NAB-woordvoerders daarvoor dat alles 'vroulik', 'sag' en 'liefdevol' moet wees (Ouweneel, 1988:400; vgl. Chandler, 1990:122-123; Matzken, 1990:191-195).

Dit is ook opvallend dat die opkoms van die NAB tot 'n groot mate saamgeval het met die opkoms van die feminisme en die feministiese teologie. Hierdie teologie beweer dat die Christendom 'n manlike godsdiens is, want dit sentreer in God die *Vader* en God die *Seun*. Hulle verkies eerder 'n godsdiens waarin God die *Moeder* en God die

*Dogter* in die sentrum staan. In hierdie lig beskou, is dit ook te verstane dat die NAB God *Gaia* noem. Sy is die moedergodin en die godin van die aarde uit die Griekse mitologie (Rautenbach, 1989?:7-8; Martin, 1990:144; Ouweneel, 1988:395,400).

Die NAB en die feministe streef saam daarna om 'n *androgiene* mens daar te stel, dit wil sê 'n mens wat *geestelik* in gelyke mate manlik en vroulik is (Daly, 1983:98-99,124,164-165; Ruether, 1983:111-113).

## 4. DIE PILARE WAAROP DIE NAB RUS

Die NAB rus volgens Ouweneel (1988:388-394) hoofsaaklik op twee pilare, naamlik 'n monistiese en 'n astrologiese.

### 4.1 Die monistiese pilaar

Die monisme is die lewensbeskouing dat *alles in en op die aarde wesenlik een is* (Miller, 1990:15; Groothuis, 1986:18-20). (*Mono* beteken "een".) Dit kom daarop neer dat alles op aarde ten nouste met mekaar saamhang. Alles is so met mekaar verweef en geïntegreer dat wat met een aspek daarvan gebeur, die geheel raak en beïnvloed. Hierdie eenheid is ten diepste 'n geestelike (spirituele, mistieke) eenheid. Soms word hiervan ook gepraat as *holisme* wat beteken dat alles wat bestaan een groot geheel is. (*Holos* beteken "geheel".)

Die vernaamste woordvoerder van die NAB se siening van monisme is die Amerikaanse fisikus Fritjof Capra (1990). Hy praat van die monistiese lewens- en wêreldbeskouing as 'n *sisteembenadering* tot alles wat bestaan. Volgens hom is al die bestaande dinge en wesens in so 'n mate 'n geïntegreerde geheel dat afsonderlike dele eintlik nie bestaan nie (Capra, 1990:285-287). Probleme ontstaan as die mens hierdie eenheid of harmonie versteur. Daarom moet die mens 'holisties' dink, dit wil sê in terme van gehele. Sy lewe is immers na alle kante toe met die kosmos verweef; gevolglik moet hy ook 'n bewussyn of denkpatroon ontwikkel waarin hy hom met die geheel verbonde voel (Capra, 1990:285-287; Jordaan, 1991:8).

Hierby moet egter in gedagte gehou word dat alles voortdurend in 'n *proses van verandering* is. Niks is werklik staties nie. Maar omdat alles 'n eenheid vorm, beteken dit dat alles aan hierdie proses van verandering onderhewig is. Hierdie verandering is *evolusionisties* van aard, met ander woorde dit gee aan elke individu of groep die vermoë om homself voortdurend te verbeter.

### 4.2 Die astrologiese pilaar

Hierdie pilaar van die NAB rus op die gedagte dat die lewe van die mens op aarde bepaal word deur die stand van die sterre.

Volgens die NAB neem die son tussen 24 000 en 25 000 jaar om sy omwenteling te vol-

tooi. Die baan van hierdie omwenteling word die diereriem genoem en is verdeel in 12 tekens of sterrebeelde. Dit neem die son 2 000 tot 2 100 jaar om deur elkeen van hierdie sterrebeelde te beweeg. Die afgelope ongeveer 2 000 jaar waarin die son deur die *pisces* (visse)-era beweeg het, was die tyd van die Christendom. Dit was 'n sombere tyd van botsing, stryd en verdeeldheid - 'n tyd van oordrewe godsdienstigheid en godsdienstige onverdraagsaamheid. Hieruit is dit volgens die NAB duidelik dat die Christendom nie daarin kon slaag om van hierdie wêreld 'n beter plek te maak nie (Koornhof, 1990:7).

Gedurende die dekade tussen ongeveer 1970/80 het die son egter die tydperk van *aquarius* (waterdraer) ingegaan. Hierdie tydperk wat vir die mens nou voorlê, sal 'n gelukkige tyd van harmonie, vrede, welwillendheid en internasionale samewerking wees. Waar daar voorheen, in die tyd van die *visse*, die nadruk op die verstand en wetenskap gelê is, sal in die nuwe tydperk - *die New Age* - die tydperk van die waterdraer, die nadruk gelê word op die mistieke, die okkulte, die eenheid en die strewe na vrede (Rautenbach, 1989?:2; Van der Walt, 1990:11-12; Ouweneel, 1988:393).

## 5. DIE VERNAAMSTE 'LEERSTELLINGS' VAN DIE NAB

Die probleem waarvoor 'n mens te staan kom as jy die 'leerstellings' van die NAB moet weergee, is dat jy nêrens by die woordvoerders van die beweging 'n amptelike stuk kry waarin hulle 'leerstellings' weergegee word nie. Op grond van hulle geskrifte kan die volgende tog as hulle vernaamste 'leerstellings' aangedui word:

### 5.1 God (panteïsme)

Soos reeds aangedui (vgl. punt 3.3), gee die NAB aan die god wat hulle dien die naam Gaia.

#### 5.1.1 Panteïsme

Die godsbeskouing van die NAB kan as *panteïsties* beskou word (Groothuis, 1986:20-21). Die woord panteïsme is afgelei van twee Griekse woorde, naamlik *pan* (alles) en *theos* (god). Dit beteken dus dat alles god is. Alles is 'n enkele, lewende organisme: die god Gaia.

Twee belangrike uitsprake van woordvoerders van die NAB is:

- God is all and all is God.
- All is one and all is God; we are God. (Koornhof, 1990:7; Groothuis, 1986:20-22.)

Volgens die NAB het alles wat bestaan, in so 'n mate deel aan God dat elke mens, dier, plant en ding op homself as God beskou kan word (Van der Walt, 1990:13; Verkuyl, 1989:19). Creme (1980:110,111), 'n groot propagandis van die NAB, stel dit so:

> Every manifested phenomenon is part of God. And the space between these manifested

> phenomena is God. So, in a very real sense, there isn't anything else. You are God. I am God. This microphone is God. This table is God. All is God. And because all is God, there is no God. God is not someone that you can point to and say 'That is God'. God is everything that you have ever known or could ever know - and everything beyond your level of knowing.

Verder sê hy (1980:113): "We and God are One. There is no separation." In die lig hiervan kan verstaan word waarom die aktrise, Shirley MacLaine, kan sê dat sy en enige ander persoon God is (Chandler, 1990:26).

### 5.1.2 Die sonde en slegte - deel van God

As alles God is en God alles is, spreek dit vanself dat die sonde en die slegte (*evil*) ook deel van God moet wees. Creme (1980:103) bevestig dit ook as hy sê: "Of course ... the forces of evil are part of God. They are not separate from God. Everything is God."

### 5.1.3 God - nie 'n persoon nie

Uit die voorgaande is dit duidelik dat God vir die NAB 'n onpersoonlike, oneindige, universele gees, bewussyn, krag of energievorm is wat alles deurdring en oral teenwoordig is (Van der Walt, 1990:13; Martin, 1990:27; Groothuis, 1986:20). Daarom is God bewus van alles wat gebeur: Hy is bewus van elke mossie wat op die grond val, want Hy *is* self die mossie wat val (Martin, 1990:28).

### 5.1.4 Hoe die mens God leer ken

Omdat elke mens in so 'n mate deel het aan God dat hy self God is, kan hy *God leer ken* deur intuïtief na binne te kyk (Schulze, 1989:53). Daarom is joga en die Oosterse wyse van meditasie volgens die NAB baie belangrik, want op dié wyse maak 'n mens jou los van ander bande sodat daar 'n volkome vereniging van jou siel met God in jou kan wees (Verkuyl, 1989:42; Miller, 1990:95; Martin, 1990:69-70; 147; Groothuis, 1986:68; 1988:79; vgl. ook Tucker, 1989:333-335). Creme (1980:111) verduidelik dit soos volg:

> God cannot be known from the level from which I am speaking now. It is impossible. God can, I believe, be sensed and apprehended as an experience, from moment to moment only, as *That which IS when we go beyond our thought and abide in that state of unthinking awareness of the totality, without sense of self.* Then we can know God.

In die oë van die NAB ervaar 'n mens ook die meeste innerlike vrede as jy in ooreenstemming met die God of goddelike in jouself lewe.

### 5.1.5 God in die natuur

Omdat die God wat in die mens is, dieselfde God is as die een wat in die natuur is, het 'n mens in die natuur ook die grootste sukses as jy in harmonie met die natuur lewe en nie in botsing daarmee kom nie. Dit is bewys deur die sukses wat die *New Age*-gemeenskap in Findhorn in die Noorde van Skotland gehad het. Hulle het verstommende resultate bereik met die verbouing van groente op 'n terrein wat as heeltemal

ongeskik vir die doel beskou is. Die rede vir die sukses is volgens die NAB omdat hulle ingeskakel en aangesluit het by die goddelike kragte in die natuur en dit nie teengewerk het nie. Dit is juis wat met konvensionele boerderymetodes *nie* gebeur nie; inteendeel, hulle bots dikwels met God in die natuur. Vandaar die probleme wat hulle voortdurend ondervind (Fowler, 1990:34-35).

In die lig hiervan is dit verstaanbaar waarom die NAB soveel nadruk op ekologie lê en teen enige vorm van besoedeling gekant is. In verskeie lande is die aanhangers van die NAB ook lede van die sogenaamde 'Groen Partye' (Miller, 1990:110-111).

### 5.1.6 Alle godsdienste is gelyk

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar volgens die NAB in werklikheid geen verskil tussen die verskillende godsdienste is nie. Daarom hoef 'n mens ook nie 'n keuse tussen verskillende godsdienste te maak nie, want ten opsigte van die godsdienste bely hulle: "Not one way, but any way" (Koornhof, 1990:8). In al die verskillende godsdienste word daar in der waarheid een en dieselfde God gedien, maar net op verskillende maniere. Die godsdienste kan vergelyk word met verskillende riviere wat hulle water uit dieselfde bron kry (Verkuyl, 1989:26).

Dit is ook een van die doeleindes van die NAB om die dogmatiese verskille tussen die godsdienste te probeer uitwis sodat almal tot een wêreldgodsdiens kan kom (T. Marrs, 1988:35-48). Met die oog daarop probeer hulle om die diepgaande verskille tussen die verskillende godsdienste te oorwin deur dit opnuut te interpreteer en so hulle 'eenheid' aan te dui (Verkuyl, 1989:26). Gevolglik tref 'n mens by die NAB ook 'n grootskaalse vermenging van godsdienstige motiewe uit verskillende godsdienste aan - dermate dat van 'n godsdienstige potpourri by hulle gepraat kan word (Verkuyl, 1989:27). Die NAB is dus niks anders nie as 'n vorm van *sinkretisme* (Groothuis, 1986:28; vgl. Van Wersch 1990:175).

Vanuit Christelike oogpunt gesien is die NAB niks anders nie as een groot stuk afgodery. Hier word 'n ander god vereer as dié God wat Hom in sy Woord aan die mens geopenbaar het (vgl. Jes. 44:10-20.). Die Bybel leer baie duidelik dat daar geen ander God buiten die Here is nie. In Jesaja 44:6 word gesê: "So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie." (Vgl. Deut.6:4; Mark. 12:29; Rom. 1:23; ook Roosenbrand, 1990:1009-1011.)

Die NAB sê dat God 'n onpersoonlike God is, 'n energiebron wat in alles teenwoordig is. Daarteenoor leer die Bybel dat God in 'n persoonlike verhouding tot sy kinders staan (Eks. 3:6, 14; 20:2). Hy praat met sy kinders (Gen. 17:1); Hy luister na hulle gebede en help hulle in hulle nood (Ps. 50:15); Hy ken hulle by die naam (Jes. 43:1); Hy woon in die hemel en heers vandaar oor alles (Ps. 103:19; Pred. 5:1; Jes. 66:1).

### 5.2 . Die skepping en die sondeval

Volgens die NAB het God nie alles geskape nie, want dit sou beteken het dat die geskape dinge los van God staan. Daarom is dit hulle oortuiging dat alles deur *emanasie* tot stand gekom het, met ander woorde dit vloei voortdurend voort uit God. Op die wyse bly dit steeds deel van God. As iets nie meer uit God sou voortvloei nie, hou dit op om te bestaan (vgl. Schulze, 1989:56).

In hulle siening van die 'skepping' probeer die NAB aansluiting vind by die Bybelse uitspraak: "God is lig" (1 Joh. 1:5). Omdat God lig is, is alles wat uit Hom voortvloei en so tot stand kom, in werklikheid verskillende vorms van lig. Lig is die kernstof waaruit alles bestaan. Die voorwerpe verskil van mekaar omdat die vibrasies of frekwensies van lig verskil.

Een van die groot engele het egter teen die 'Skepper' in opstand gekom en op 'n baie subtiele wyse die ligvibrasies van die 'skepping' versteur. Dit is hoe die 'sondeval' plaasgevind het. Hierdie versteuring van die ligvibrasies het oor 'n lang tydperk plaasgevind. Die gevolg hiervan was die ontstaan van die stoflike wêreld. Hoe laer die lig gevibreer het, hoe digter was die vorms van die geskape dinge.

Op die aarde vibreer die lig baie stadig. Op die hoër vlakke of hemel vibreer dit heelwat vinniger. Dit vibreer die vinnigste op die hoogste vlak waar die mens uiteindelik volkome met God verenig word. Die mens bereik dié punt langs die weg van evolusie en reïnkarnasie na 'n lang bestaan in verskillende gedaantes of persone. As 'n mens daartoe gekom het, bereik hy die *nirwana* - 'n toestand van volkome rus en oneindige geluk as die mens in God oplos. (*Nirwana* is 'n term uit die Boeddhisme; vgl. Schulze, 1989:49-50.)

Wat hier verkondig word, is geheel en al in stryd met wat in die Bybel oor skepping en sondeval leer (Gen. 1-3; Rom. 1:25).

### 5.3 Die mens

Ook die mens is volgens die NAB nie geskape nie, maar het deur emanasie uit God tot stand gekom. Elke geboorte moet in hierdie lig beskou word.

Die mens is verder nie 'n sondaar nie. Wat gewoonlik sonde genoem word, is niks anders as onkunde nie en die sogenaamde sondige dade is slegs energie wat op 'n verkeerde tyd en plek gebruik word (Martin, 1990:84-85). Daar is geen afstand tussen God en mens vanweë die sonde nie, want die mens is in God en God is in die mens. As die mens van homself vervreemd raak, raak hy ook van God vervreemd en andersom; daarom moet die mens ook geleer word om die goddelike, die skeppende energie in homself te ontdek en te benut. Dan sal hy tot groot dinge in staat wees.

Verlossing van die mens het niks met die versoening van skuld te doen nie, want dit is

niks anders nie as 'n nuwe en beter verstaan van die goddelike potensiaal in die mens self (Koornhof, 1990:8). Verlossing is dus by uitstek selfverlossing (Ouweneel, 1988:396). Dié verlossing kan bereik word deurdat die mens al hoe meer één word met God in hom. Hierdie 'verligtende ervaring' of *transforming experience* waardeur die mens één word met God, kan op verskillende maniere, maar veral deur mistiek-okkultiese rituele bereik word, byvoorbeeld deur meditasie, joga, eksotiese danse ensovoorts (Verkuyl, 1989:42; Groothuis, 1986:68; Martin, 1990:60-69,147). Selfs dwelmmiddels kan 'n mens help om dit te verkry. Om ware bevryding te ervaar, moet die mens dus nie buite hom by God hulp soek nie, maar by die goddelike potensiaal in homself.

Omdat hulle uitgaan van die basiese goedheid van die mens vanweë die goddelike in hom, leer die NAB dat die mens sy eie waardes en norme bepaal. Daar is nie so iets soos die wil van God wat van buite af aan die mense voorgesê word nie. Nee, die mens moet in homself, in sy eie goddelikheid, vasstel wat hy moet doen en laat. Die NAB se reël in hierdie verband is: "If it works, use it - if it feels good, do it." Dit is vanselfsprekend dat so 'n siening die weg baan vir totale sedelike verwildering (vgl. Koornhof, 1990:7-8; ook Kuipers, 1991:8). Ferguson (1989a:437-439) bepleit dan ook 'n belewing van seksualiteit wat nie aan 'n huwelik verbonde is nie (vgl. W. Marrs, 1988:56-60).

### 5.4 Reïnkarnasie

Reïnkarnasie is die beskouing dat 'n lewende wese by sy dood nie ophou om te bestaan nie, maar weer in 'n nuwe gedaante op die aarde verskyn of gebore word. Dit kom daarop neer dat elke lewende wese 'n onsterflike siel het wat by sy dood nie vernietig word of na God in die hemel gaan nie, maar in 'n ander lewende wese ingeplaas word om op daardie wyse weer met 'n nuwe lewe te begin. So kan die 'siel' eers in 'n hoender wees, daarna in 'n bok, dan in 'n perd, dan in 'n onbelangrike mens, dan in 'n belangrike en vooraanstaande mens, ensovoorts.

Wat met 'n mens of 'n dier by die dood gebeur, word volgens die NAB bepaal deur die Oosterse (Indiese) wet van *karma*. *Karma* beteken dat 'n mens se lot by sy dood bepaal word deur sy goeie of slegte werke hier op aarde (Miller, 1990:17-18; Verkuyl, 1989:29). As 'n mens byvoorbeeld sleg gelewe het, kan sy siel by sy dood in een of ander dier soos 'n muishond geplaas word. As hy egter goed gelewe het, kan hy na sy dood voortlewe in 'n belangriker, ryker en invloedryker gedaante.[1] So vind daar evolusie plaas langs die weg van reïnkarnasie.

1 Daar is aanhangers van die NAB wat ten onregte meen dat die wet van *karma* en derhalwe die gedagte van reïnkarnasie steun vind in Galasiërs 6:7-8 waar Paulus skryf: "Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van die sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes." Hierdie siening moet afgewys word omdat die Skrif nie so iets soos reïnkarnasie ken nie. Die Skrif leer egter wel dat die mens geoordeel sal word volgens sy werke (2 Kor. 5:10; Op. 20:12).

Op die pad van evolusie deur reïnkarnasie kan die mens sy eie verlosser of sy eie satan wees. As hy goed en voorbeeldig lewe, is hy sy eie verlosser, want dan sorg hy dat dit in sy volgende lewe met hom beter sal gaan. En as hy so voortgaan, kan hy uiteindelik die hoogste geluk - *nirwana* - bereik. As hy egter sleg lewe, word hy sy eie satan. Dit kan tot gevolg hê dat hy in sy volgende lewe as 'n dier na die aarde kom (Creme, 1980:104; De la Guerre, 1991:124)

Die Bybel ken nie so iets soos reïnkarnasie nie. Volgens die Skrif word elke mens individueel geskape met 'n eie liggaam en 'n eie siel en wat elke mens as 'n twee-eenheid van liggaam en siel op aarde gedoen het, daaroor sal hy/sy aan God rekenskap moet gee (vgl. Ps. 139:13-15; Jer. 1:4-5; Joh. 9:1-3; 2 Kor. 5:10; Op. 20:12,15; vgl. ook hieroor Groothuis, 1988:94-103).

### 5.5 Die strewe na 'n gebalanseerde lewe

Die regte evolusie deur middel van reïnkarnasie moet, volgens die NAB, geskied volgens die Chinese begrip *Tao*. *Tao* beteken *pad*. Capra het besondere aandag daaraan gegee in sy boek *De Tao van fysica* (1987). (In Engels: *The Tao of Physics.)*

Dit blyk dat *Tao* 'n redelik gekompliseerde begrip is. Dit beteken veral dat 'n mens in harmonie met die natuur moet lewe (Capra, 1987:104-105). Wat met *Tao* bedoel word, verduidelik Capra (1987:104-105) soos volg:

*Tao* word gemanifesteer deur die wisselwerking van twee polêre kragte wat aangedui word as *yang* en *yin* wat in 'n verhouding van omgekeerde eweredigheid tot mekaar staan: as die een meer word, word die ander minder. Die begrippe *yang* en *yin* het oorspronklik die sonkant en die skadukant van 'n berg aangedui: as die een kant in die son is, is die ander in die skadu. Maar nog op dieselfde dag word die twee rolle omgeruil.

*Yang* is die manlike, die sterke, die dinamiese, die skeppende krag en word verteenwoordig deur die hemel. *Yin* is die rustige, die ontvangende, die vroulike en die moederlike en word verteenwoordig deur die aarde (vgl. Gaia - moeder aarde). *Yang* is die simbool vir beweging, *yin* vir rus. Op die gebied van die denke staan *yang* vir die helder, rasionele, manlike denke en *yin* vir die komplekse, vroulike, intuïtiewe denke.

Hierdie *yang* en *yin* word oral in die lewe gevind waar 'n mens met teenstellings te doen het soos Weste-Ooste, somer-winter, goed-kwaad, ryk-arm, ensovoorts, en oral in die lewe tref 'n mens die teenstellings aan (vgl. Van Kampen, 1991:45).

Die *yang-yin*simbool



Hierdie diagram is 'n ou Chinese simbool wat 'uiterste uiteindelikheid' voorstel. *Yang* is die ligte deel en *yin* die donker deel. Die twee dele, wat simmetries gerangskik is, is nooit staties nie maar voortdurend in rotasie. Die swart kol en die wit kol toon dat elkeen reeds 'n element van die ander bevat (Capra, 1987:105-106).

Wanneer 'n mens volgens *Tao* lewe, is dit 'n proses van evolusionêre verandering wat voortdurend plaasvind sodanig dat *yang* en *yin* met mekaar in balans is. Dit moet ook die mens se strewe wees om die twee met mekaar in balans te hou. Probleme ontstaan juis waar die twee nie met mekaar in balans is nie.

Ten opsigte van die verhouding tussen man en vrou kom 'n mens hier dus weer uit by die strewe na die *androgiene mens* (vgl. punt 3.3) waar die psigies manlike en vroulike komponente in sowel die man as die vrou met mekaar in balans moet wees (Capra, 1987:141-142; Ferguson, 1989a:428). Capra (1987:142) sê ook dat in baie Oosterse tradisies die dinamiese ewewig tussen die manlike en die vroulike bewussynsvorms die belangrikste doel van meditasie vorm.

Maar hierdie siening beteken verder dat ook goed en kwaad nie teenoor mekaar moet staan nie maar in balans met mekaar moet wees in die proses van ontwikkeling en in die lewe van die mens. Goed en kwaad moet met mekaar versoen word. Hieruit is dit duidelik dat *Tao* 'n pad is wat radikaal verskil van die pad wat in die Skrif aan die mens voorgehou word (De la Guerre, 1991:85-87).

### 5.6 Die Jesus, die Christus en die Meesters

Volgens die NAB was Jesus nie van sy geboorte af die Christus nie, maar hy het dit geword toe hy die Christusskap verower het. Maar wat is Christus dan vir die NAB?

Op hierdie vraag gee hulle twee antwoorde. *Enersyds* word Christus aangedui as die *goddelike beginsel*, die *evolusionêre (goddelike) krag* wat in alle mense is. Hiervolgens was Christus nie net in Jesus nie, maar iets 'daarvan' is in elke mens. Dit wat van Christus in elke mens is, word genoem 'n Christus-bewustheid ("Christ consciousness") (Miller, 1990:28-29). *Andersyds* word Christus aangedui as *'n amp in die goddelike hiërargie* (T. Marrs, 1988:43). Daarom kan elke mens so ontwikkel dat hy ook werklik 'n Christus kan word. Jesus het dit wel reggekry. Deur eeuelange, veeleisende voorbereiding langs die weg van reïnkarnasie het Jesus daarin geslaag om 'n Christus te word en so te kwalifiseer om 'n *avatar*, 'n verlosser van die wêreld te wees (Martin, 1990:29; Miller, 1990:30).

Hierdie verlosser-wees van Christus het by die NAB egter nie dieselfde betekenis as vir die Christendom nie. Dit beteken bloot dat Hy een van die periodieke manifestasies van die goddelike was en dat Hy deur sy lewe en optrede 'n goeie voorbeeld vir ander gestel het.

Hoewel die NAB-woordvoerders soms van mekaar verskil, wil dit voorkom of die hiërargie van regeerders van die wêreld soos volg daar uitsien (vgl. De la Guerre, 1991:234-238): Die hoof van alles en almal is die Vader of die Koning of die Oue van Dae (vgl. Dan. 7:13) waarmee hulle skynbaar die Satan bedoel, maar dis nie altyd duidelik nie. Onder hom is die Christus wat vereenselwig word met verlossers van ander godsdienste (Creme, 1980:73). Onder Christus is daar die Meesters van die Wysheid wat die wêreld regeer. Hierdie Meesters is persone wat langs die weg van evolusie deur reïnkarnasie die volmaaktheid bereik het. Lazenby (1975:85-135) gee 'n breedvoerige bespreking van hierdie Meesters.

Behalwe verskeie kleiner Meesters is daar veral vyf wat van besondere belang is. Hulle is aangestel oor drie afdelings, naamlik politiek, godsdiens en kultuur. Drie van die vyf Meesters is verbonde aan die afdeling godsdiens, naamlik Christus as die hoof en onder hom *Master Jesus* oor die Christelike kerke en *Master Hilarion* oor die Boeddhiste. Die Christus is egter in 'n sekere sin ook die hoof van die vyf Meesters (Student, 1983: 13-14; 50-51).

Hierdie Meesters het veral tot taak om die ontwikkeling van alle wesens te bevorder deur evolusie met behulp van kragte wat hulle na die verskilende terreine laat uitstraal. Hulle werk ook nou saam met die Christus wat hom die afgelope 2000 jaar op die grens van Tibet en Indië in die Himalajas bevind. By tye was die Christus en die Jesus in een persoon verenig, maar meesal is hulle van mekaar geskei.

Hoe verwarrend hierdie gegewens van die NAB ook al is, hieruit kan duidelik gesien word hoe hulle poog om alle godsdienste tot een groot wêreldgodsdiens te verenig - op so 'n wyse dat ook die politiek en die kultuur daardeur beheer word.

Volgens die Bybel is Christus nie 'n evolusionêre krag of 'n status nie, maar 'n Persoon: die Seun van God (Matt. 16:16). Hy is deur God na hierdie wêreld gestuur om sondaars wat glo, te red (Joh. 3:16). Verder het Jesus nie een of ander tyd Christus geword nie, maar Hy was van sy ontvangenis en geboorte af Jesus Christus, God en mens in een Persoon (Matt. 1:21; Luk. 2:11). In Jesus Christus het die ewige Seun van God 'n ware menslike natuur uit Maria aangeneem (Luk. 1:31-33; Fil. 2:5-11) en dit het nie gebeur vanweë 'n evolusie deur reïnkarnasie by Jesus nie, maar volgens 'n besluit van God (Gal. 4:4). Bowendien is daar eeue tevore reeds voorspel dat dit sou gebeur (Miga 5:1; Matt. 2:4-6). Daarom kan daar ook geen sprake daarvan wees dat 'n mens 'n Christus kan word nie; hy kan hoogstens 'n valse Christus word (Matt. 24:24). Daarby is Christus nie maar net één van verskeie sulke openbarings van God in mense nie, maar Hy is die enigste openbaring van God in die menslike natuur (Joh. 1:14; 3:16; 1 Tim. 2:5; 3:16). Niemand kan ook gered word behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6). Die Bybel laat ook geen twyfel daaroor dat Hy waarlik God was en is nie (Rom. 9:5; Tit. 2:13,14; 1 Joh. 5:20).

### 5.7 Die verlosser

Soos in die vorige punt aangedui, sien die NAB die naam *Christus* onder andere as 'n aanduiding van 'n amp in die goddelike hiërargie. Die huidige bekleër van die amp is *Maitreya* - 'n naam wat verband hou met die Boeddhisme (Martin, 1990:149). Hierdie Maitreya word aan die wêreld voorgehou as die verwagte verlosser en profeet van alle godsdienste. Hy word beskou as "die langverwagte Jesus van die Christene; die ware Messias van die Jode; die vyfde reïnkarnasie van die Boeddha van die Boeddhiste: die groot Imam Mahdi van die Islam; die Krishna van die Hindoe" (Rautenbach, 1989:9). Van hom word gesê dat hy met groot wysheid al die wêreld se politieke, ekonomiese en godsdienstige probleme sal oplos (Rautenbach, 1989?:9; Cumbey, 1983:20-21). Hy sal ook 'n nuwe wêreldgodsdiens kom vestig ooreenkomstig die beginsels van die NAB (Ouweneel, 1988:401).

Maar wie is hierdie '*New Age*-Christus' of Maitreya werklik? Volgens die NAB-woordvoerders is hy niemand anders as die Antichris nie wat hierdie wêreld vir die ware god (sic) Lucifer (Satan) moet verower (Miller, 1990:195,203; vgl. ook Cumbey, 1983:23-25). Ouweneel (1988:401) waarsku egter dat 'n mens die aansprake van die NAB-woordvoerders dat Maitreya met die Antichris geïdentifiseer moet word, nie te ernstig moet opneem nie ondanks die feit dat die NAB 'n groot gevaar vir die Christene inhou.

Die sogenaamde *ghoeroes* (leiers) - uit die Hindoeïsme afkomstig - wat optree as godsdienstige leiers en soms ook aanbid word, kan gesien word as die wegbereiders

van die Maitreya. Deur okkultiese tegnieke slaag hulle daarin om vir hulle aanhangers te wen (Rautenbach, 1989?:9-10; Chandler, 1990:59-79).

Van 'n persoon soos Maitreya wat dieselfde of 'n hoër status as Christus het, weet die Skrif niks. Indien so 'n persoon bestaan, is hy hoogstens 'n mens wat as god vereer word (vgl. Hand. 12:22-23). Dit is 'n ope vraag of die Maitreya nie 'n blote hersenskim is nie, veral as gesê word dat hy al oor die 2 000 jaar bestaan (Martin, 1990:34).

## 6. PROPAGANDA VAN DIE NAB

Die NAB is doelgerig daarop uit om sy gedagtes en beskouings openlik bekend te stel om op dié wyse aanhangers te wen. Deur kuns, musiek, speelgoed, televisiereekse en televisiespeletjies probeer hulle op subtiele wyse om hulle beskouing en ideale veral by kinders te laat posvat. NAB-aanhangers lê hulle met ywer daarop toe om steeds meer invloed in die sosiale lewe te verkry, veral op terreine soos gesondheidsorg, psigologie, opvoeding, handel en politiek (Miller, 1990:90). In Hillbrow in Johannesburg is daar 'n *Aquarian Bookshop* waarin by uitstek NAB-boeke verkoop word.

Die NAB slaag ook daarin om die simpatie van baie mense te wen deur hulle *strewe na vrede*. Vredespale word opgerig en allerlei rituele danse word daaromheen uitgevoer. Op dié wyse wil hulle die volle verwerkliking van die *Age of Aquarius* verhaas. As dié era ten volle gerealiseer is, sal daar volgens die NAB ware vrede op die aarde heers omdat al die mense en alles wat bestaan, dan in harmonie en vrede met mekaar sal lewe (Koornhof, 1990:9). Dit sal 'n vrede wees waarin al die verskille tussen die verskillende godsdienste opgehef sal word. Daarom sal dit in werklikheid 'n valse vrede wees wat vir die Christen onaanvaarbaar is omdat daar geen vrede tussen God en Satan kan wees nie.

Die NAB probeer doelbewus om in elke faset van die samelewing te infiltreer. Om in hulle doel te slaag, maak hulle dikwels van Bybelse terme (soos *wedergeboorte*) gebruik, maar vul dit dan met 'n inhoud wat geheel en al vreemd is aan die Bybel. Een van die bekendste simbole van die NAB is die reënboog wat sogenaamd die verbinding tussen hierdie wêreld en die 'ander wêreld' is.

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Uit al die gegewens hierbo is dit duidelik dat die NAB in wese niks anders is nie as 'n heidense afgodery wat, waar dit paslik is, vir hulle eie doel 'n Christelike baadjie aantrek om die indruk te skep dat hulle aansluit by die Christendom en nie vyandig daarteenoor is nie. Verder is Van Wersch (1990:220) reg as hy dit bestempel as 'n herlewing van die gnostisisme van vorige eeue.

Die NAB is 'n godsdiens wat reg in die smaak van die sondige mens val. Dit is na alle waarskynlikheid ook een van die vernaamste redes waarom dit so baie aanhangers het

en nog steeds kry. Hierdie godsdiens kom immers daarop neer dat 'n mens kan doen net wat hy wil. Met hulle belydenis van: "If it works, use it - if it feels good, do it", is die pad na absolute morele anargie gebaan (Groothuis, 1988:24; Koornhof, 1990:8; Miller, 1990:112).

## 8. BIBLOGRAFIE


BURGER, M.G. 1989. Die Nuwe Era of die Tydperk van die Waterdraer. s.l.: Alkama.

CAPRA, F. 1987. De Tao van fysica: een onderzoek naar de parallellen tussen de moderne fysica en oosterse mystiek; 5de druk. Vertaal deur Willem Daub. Amsterdam: Uitgeverij Contact.

CAPRA, F. 1990. The Turning Point: Science, Society and the Rising Culture. 8th imp. London : Flamingo (Fontana)

CHANDLER, R. 1990. Understanding the New Age. Milton Keynes (England) : Word Publishing.

CREME, B. 1980. The Reappearance of the Christ and the Masters of Wisdom. London/Los Angeles : Tara Press/Center.

CUMBEY, C. 1983. The Hidden Dangers of the Rainbow: The New Age Movement and Our Coming Age of Barbarism. Lafayette : Huntington House.

DALY, Mary. 1983. Voorbij God de Vader: Op weg naar een feministische bevrijdingsfilosofie. Amersfoort : De Horstink.

DE LA GUERRE, F.J. 1991. Elke *New Age* knie sal buig. Potchefstroom : F.J. de la Guerre.

DIEPERINK, Martie. 1990. New Age en Christelijk geloof: Over de invloed van New Age op de kerk; 3de druk. Kampen : Kok (Voorhoeve).

FERGUSON, Merilyn. 1989a. The Aquarian Conspiracy: Personal and Social Transformation in the 1980's. London/Toronto : Paladin.

FERGUSON, Merilyn. 1989b. De aquarius samenzwering: Persoonlijke en sociale transformatie in de tachtiger jaren. Deventer : Ankh-Hermes.

FOWLER, S. 1990. The New Age: Threat or Challenge. (*In* Van der Walt, B.J.; Fowler, S. & Venter, J.J. Die "New Age"-Beweging. Potchefstroom : PU vir CHO. IRS-Studiestuk nr. 273/274. p. 32-50.)

GROOTHUIS, D. 1986. Unmasking the New Age. Downers Grove (Illinois) : Inter-Varsity Press.

GROOTHUIS, D. 1988. Confronting the New Age: How to Resist a Growing Religious Movement. Downers Grove (Illinois) : Inter-Varsity Press.

GRUSS, E.C. 1974. Cults and the Occult. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

HUNT, D. 1983. Understanding the New Age Movement. Eugene (Oregon) : Harvest House Publishers.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Die "New Age" van God: God se nuwe wêreld as antwoord op die New Age-Beweging. Potchefstroom : Atlas Uitgewers.

KOCH, K.E. 1986. Between Christ and Satan. 6th ed. Grand Rapids: Kregel Publications.

KOORNHOF, H. 1990. Die "New Age Movement" ... jaag ons net spoke op? *Die Voorligter*, 53(8):7-9. Aug.

KUIPERS, J. 1991. Baby, Don't Light Your Fire. *The Banner*, 126(10):8-9. March. 18.

LAZENBY, C. 1975. The Work of the Masters. New York/Washington : Vantage Press.

MARRS, T. 1988. Dark Secrets of the New Age : Satan's Plan for One World Religion. 10th printing. Westchester (Illinois) : Crossway Books.

MARRS, W. 1988. New Age Lies to Women. Shiloh Court (Austin, Texas) : Living Truth Publishers.

MARTIN, W. 1990. Die Nuwe Era-kultus. Kaapstad : Struik.

MATZKEN, R.H. 1990. New Age handboek: Een inleiding tot New Age denke. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

MILLER, E. 1990. A Crash Course on the New Age Movement: Describing and Evaluating a Growing Social Force. Grand Rapids : Baker Book House.

OUWENEEL, W.J. 1988. Het domein van de slang: Christelijk handboek over occultisme en mysticisme. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

OUWENEEL, W.J. 1990. Okkultisme, Satanisme en die New Age-Beweging. Ongepubliseerde lesings gelewer op 3 en 10 Augustus 1990 te Potchefstroom.

RAUTENBACH, N. 1989?. Die Nuwe Era Beweging. Verwoerdburg : Aksie Morele Standaarde.

ROOSENBRAND, J.W. 1990. Zijn alle godsdiensten gelijk? *De Reformatie*, 65(45):949-950. Aug. 25; 65(46):969-971. Sept. 1; 65(47):989-990. Sept. 8; 65(47): 1009-1011. Sept. 15.

RUETHER, ROSEMARY R. 1983. Sexism and God-talk: Towards a Feminist Theology. London : SCM Press.

RUNIA, K. 1991. Bezig zijn met eigen zelf: Gnostische ideeën steken kop op in New Age. *Centraal Weekblad*, 39(17):5. Apr. 26.

SCHULZE, L.F. 1989. New Age: Herlewing van die "old age". *In die Skriflig*, 23(92):48-59. Des.

SCHULZE, L.F. 1991. Die Teosofie as voorloper van die "New Age"-Beweging. Ongepubliseerde lesing gelewer by die Winterskool van die Teologiese Skool Potchefstroom, 2-3 Julie.

STUDENT (A Student). 1983. The Return of the Christ: From the Writings of Alice A. Bailey and the Tibetan Master, Djwahl Khul. Christchurch/New Plymouth : s.n.

TOLSMA F.J. 1960. Occultisme (*In* Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. *reds*. Christelijke Encyclopedie V. 2de druk. Kampen : Kok. p. 241.)

TUCKER, R.A. 1989. Another Gospel: Alternative Religions and the New Age Movement. Grand Rapids : Zondervan (Academic).

VAN DER WALT, B.J. 1990. Die "New Age"-Beweging: 'n Onskuldige eksentrisiteit, nuwe hoop, demoniese sameswering of duidelike uitdaging vir die Christen? (*In* Van der Walt, B.J., Fowler, S. & Venter, J.J. Die "New Age"-Beweging. Potchefstroom : PU vir CHO. IRS-Studiestuk nr. 273/274. p. 1-32.)

VAN KAMPEN, P.J. 1991. De cirkel en het kruis; New Age-denken en christelijk geloof. 2de druk. Kampen : Kok.

VAN TUYL, O.H.D. & VAN BAAREN, J.I. 1987. New Age Movement en de Antichrist in het licht van de Bijbel. Amsterdam : Stichting Moria.

VAN WERSCH, S. 1990. De gnostisch-occulte vloedgolf - van Simon de Tovenaar tot New Age: Een kritische beoordeling. Kampen : Kok.

VERKUYL, J. 1989. De New Age Beweging: Kernbegrippen, beoordeling, uitdaging. Kampen : Kok.